DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XI. WOENSDAG, 7 MAART, 1956 NR. 1

# 'N JAAR VAN VOORSPOED EN GROEI

## Prof. J. H. Coetzee lewer Intree-rede.

Op Vrydagaand, 17 Februarie het die Rektor van die P.U. vir C.H.O. met die amptelike opening van die Universiteit gesê dat hierdie jaar 'n jaar van voorspoed en groei vir die P.U. sal wees. Belangrik in hierdie jaar sal ook die viering van die vyf-jarige bestaan van die P.U. as selfstandige universiteit wees by watter geleentheid Minister Jan de Klerk as spreker sal optree met die gradeplegtigheid. Gradedag is vanjaar juis so gereël dat dit saamval met die viering van die Universiteit se verjaardag.

Die getal studente van die Universiteit het gegroei tot 1,400 waarvan meer as 'n kwart nagraadse studente is, het die Rektor gesê. Die getal eerstejaars het byna verdubbel in vergelyking met verlede jaar. Daar het 400 nuwe studente aan die Universiteit ingeskryf. Ook die doserende personeel het gegroei en die getal staan nou byna op 112. Daar word ook drie nuwe departemente vanjaar aan die P.U. geopen, naamlik Statistiek, Biblioteekkunde en Farmasie. Bodemkunde en Voedingsleer word vanjaar vir die eerste keer aan die P.U. gedoseer.

### BOUPROGRAM

Die bouprogram word tans in 'n hoë versnelling voortgesit. Die nuwe Chemie-laboratorium sal net langs die Fisika-gebou opgerig word en die Rektor het die versekering uitgespreek dat dit geensins by die Fisika-gebou sal afsteek nie. Daar sal ook 'n spesiale vleuel aangebou word waar die departement Farmasie gehuisves sal wees. Die beraamde koste van hierdie gebou word gestel op £94,000. Die nuwe Administrasie-gebou sal reg teenoor die Biblioteek verrys teen 'n beraamde koste van £38,000. Die hoeksteen van hierdie gebou sal hopelik teen die begin van Augustus deur die Eerste Minister, mnr. J. G. Strydom gelê word. Vir die nuwe eetsaal vir dames is die bedrag van £24,000 bewillig en dit sal tussen Piet-Grobler- en De Klerkhuis gebou word. Langs die Studentesaal sal 'n pakkamer, argief, Studenteraadskantore en 'n kafeteria gebou word. Die Rektor het gesê dat dit goed toegerus sal wees en in 'n groot behoefte in die studentelewe sal voorsien. Vir al hierdie geboue is gebruik gemaak van die dienste van prof. Meiring as argitek.

### P.U. VIER LUSTRUM

Dit sal 'n groot dag in die geskiedenis van die P.U. vir C.H.O. wees as gradedag vanjaar op 17 Maart plaasvind, het die Rektor gesê. **Dit is die datum waarop die Universiteit vyf jaar gelede selfstandig geword het.** Aan 250 studente sal grade toegeken word en by dié geleentheid sal Minister Jan de Klerk as geleentheidsspreker optree. By geleentheid van die viering van die eerste Lustrum van die Universiteit sal prof. Coetzee self as spreker optree.

Die lewenskrag en groei van hierdie Universiteit het dus met die jare toegeneem. Daar sal inderdaad op 'n vrugbare vyf jaar kan teruggekyk word wanneer die Rektor sy rede met die viering van die lustrum hou.

**By hierdie selfde geleentheid van die opening van die Universiteit het prof J. H. Coetzee sy intree-rede as professor in Volkekunde gehou. Prof. Coetzee het vroeër Maatskaplike Sorg aan die Universiteit gedoseer. Hy het egter altyd 'n ware student gebly en kort gelede het hy die Honneursgraad in volkekunde behaal onder die bekwame leiding van die wêreld-beroemde prof. Lehmann. In sy intree-rede het prof. Coetzee gewys op die omvang en taak van die Volkekunde en hy het ook gesê dat dit sy strewe is om die wetenskap van die Volkekunde te beoefen op die beginsels van die Calvinisme.**

Voortaan word die departement van Naturelle-administrasie ook deur die departement van Volkekunde opgeneem en prof. Coetzee sal aan die hoof van hierdie vergrote departement staan.

## Feesviering deur Studente

Wanneer die Universiteit op Vrydag 17 Maart vyf jaar oud word, wil die studente ook graag hulle deel bydra tot die feesvierings by hierdie geleentheid. Dit sal volgens Studenteraadsbesluit geskied by wyse van twee voorafgaande lesings wat daarna sal volg deur 'n simposium as hoogtepunt. Al agt die Universiteite van ons land sal uitgenooi word om aan die simposium deel te neem deur elk 'n verteenwoordiger te stuur om deel te neem aan die simposium.

Die program wat gevolg sal word is soos volg:

Woensdag, 14 Maart — KORPS V.V.: 'n Lesing deur die Rektor van die Teologiese Skool oor „Die Calvinisme en die student".

Donderdag, 15 Maart — A.S.B.: 'n Lesing deur die Rektor van die Universiteit oor „Christelik-Nasionalisme en die student".

Vrydag, 16 Maart — Studenteraad: Simposium oor „Die Bybel as Grondslag vir die Wetenskapsbeoefening"

Soos blyk uit die program sal die sentrale tema van die verrigtinge wees: Ons beginsel soos gestel in Artikel II van die Kontitusie van die Studenteraad.



Prof. J. H. Coetzee.

## Eindelik Ons eie Kafetaria!

Baie duidelik in sy skik, kon die voorsitter van die Studenteraad die verteenwoordiger van „Die Wapad" meedeel dat die langverwagte kafeteria eersdaags voltooi sal wees.

Die gebou wat hopelik van die modernste toerusting voorsien sal wees, moet binne drie maande afgelewer word. Die koste sal £9,225 beloop.

Die kafeteria word tesame met pakkamers, 'n argief en Studenraadskantore as 'n vleuel aan die noordekant van die studentesaal opgerig.

J. TOD SUTTIE.
Komplete
Mansuitrusters
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.
Kerkstraat 127 — Telefoon 1,
POTCHEFSTROOM

PRO REGE-PERS
Boekhandel
en
Antikwariaat.
vir al u
Wetenskaplike Boeke
en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 59 — Telefoon 1164

EXCELSIOR MEUBELS
Kerkstraat 132 — Potchefstroom — Telefoon 743
„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"
Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.
ONS REëL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.

W. J. SPAVINS & SEUN
vir alle
*Elektriese Benodighede*
KOELKASTE • RADIO'S
Kerkstraat 65 — Potchefstroom

# AANSTELLINGS OP DIE PERSONEEL

Mnr. H. P. A. Coetzee as junior-lektor in Musiek-wetenskap.

Dr. C. L. de Wet as lektor in Wiskunde.

Mnr. J. J. Henning as lektor in Naturelle-administrasie.

Mej. S. J. Joubert as junior-lektrise in Huishoudkunde.

Mnr. P. J. Kruger is tydelik aangestel in die plek van mnr. J F. de Beer wat 'n beurs verower het vir verdere studie in Europa.

Mnr. G. N. Krynouw is tydelik aangestel in die plek van mnr. Van der Berg wat tans vir sy doktorsgraad aan die Pretoriase Universiteit studeer.

Mnr. L. F. Schulze is tydelik aangestel in die plek van mnr. J. J. A. van der Walt wat teen die einde van Mei na Suid-Afrika sal terugkeer.

Mnr. G. N. van den Bergh is tydelik aangestel in die plek van prof. D. W. Kruger wat op 1 September weer in diens sal tree.

Mnr. S. I. Malan is aangestel as senior-lektor in Bibliteekkunde.

Mnr. W. J. de V. Prinsloo is aangestel as lektor in Engels.

Mnr. H. C. J. Schoonbee is aangestel as lektor in Dierkunde.

Mnr. C. J. H. Schutte is aangestel as junior-lektor in Skeikunde.

Mnr. W. A. du P. Slabbert is tydelik aangestel as junior-lektor in Regte.

Mej. J. F. Snyman is aangestel as junior-lektriese in Musiek.

Mev. A. D. Lampen is aangestel as lektrise in Frans.

I. GLASER
OMEGA en TISSOT
HORLOSIES
JUWELIER
H/v 137 Kerkstraat en Autolaan

BESOEK DIE
POTCH. PET SHOP
vir al u
Voël- en Visbenodighede
54 Wolmaransstraat,
POTCHEFSTROOM.

OOSTHUIZEN
Kole-agentskap.
Kerkstraat 70 — Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.

LOOCK
Kleremakers
Calderbanksgebou,
Kerkstraat 102 — Telefoon 855
POTCHEFSTROOM.

O. K. BAZAARS
Waar Suid-Afrika koop !
DIE O.K. BAZAAR HOU DIE MARK ELKE DAG DOP VIR WINSKOPIES WAT ONS LAER PRYSE STEEDS LAER LAAT DAAL.
DEUR ONS WINSKOPIES BESPAAR U
Koop kontant en bespaar
O. K. Bazaar, Potchefstroom
Foon 404 Posbus 102

CORNER
FRUIT STORE
vir al u
• VRUGTE, LEKKERS,
• SIGARETTE,
• KOELDRANKE en
• VERVERSINGS.
VRUGTE en GROENTE.
Bekend vanweë sy
UITSTEKENDE DIENS!!

Drink S&S en Geniet
DIE BESTE
SUPER ORANGE
TING-A-LING
PEP-A-DILLA
TOP HAT
SHERR & SHAKINOVSKY
POTCH. MINERAL WATER FACTORY
Phones 16 & 1144 P.O. Box 134

Die Wapad
Woensdag, 7 Maart, 19g6.
Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

# BEWAAR DIE EWEWIG

Reeds in 1951 al het die Redakteur van die **Besembos** besef dat daar iets gaande is in ons studentelewe toe hy in sy hoofartikel gesê het: „**Laat ons tog die ewewig bewaar**" en toe het hy dit betrek op die ewewig tussen studie en studente-aktiwiteite. En 1951 was die jaar van die selfstandigwording van die Universiteit, nou al vyf jaar gelede. Van dag tot dag kom ons meer onder die besef van die erns van hierdie probleem in ons studentelewe. Ons studente begin te vergeet dat die organisasie van ons studentelewe ook 'n verpligting vir ons is. Studie is tog die belangrikste op Universiteit, maar die res mag ons nie daarom heeltemal verwaarloos nie. **„Die studente kom na 'n inrigting nie alleen om kennis te vermeerder nie, maar ook om karaktervorming te ondergaan".** Dit is die uiteensetting van die Redakteur van die Besembos van 1951.

In die eerste plek is dit dus van belang vir die studente self om aan die studente-aktiwiteite deel te neem. Die kontak wat op die manier met ander studente gemaak word en die ondervinding wat opgedoen word by prosedure-vergaderings maak 'n blywende indruk op die karakter van die student. Dit werk nie alleen 'n groot mate van mensekennis in die hand nie, maar dit wakker ook 'n helder-denkende verstand aan. In 'n groot mate kan wel gesê word dat dit net soveel in die klasse ook opgedoen kan word, maar iemand wat dit eers deurgemaak het, sal self besef van watter waarde dit is. Dit is seker ook die plek om 'n regte mate van selfvertroue te kweek.

In die tweede plek ag ons die deelname aan die studente-lewe ook van belang vir ons Universiteit. Die studente-lewe is 'n integrale deel van die Universiteit. Die ontwikkeling van die Universiteit is deels verantwoordelik vir, maar deels ook afhanklik van die studente-lewe.

Derdens moet ook opgemerk word in watter mate die buitewêreld neersien op alles wat in ons geledere aangaan. Die organiese eenheid van studente en Universiteit kan gesien word as daar iets verkeerd gaan en die publiek met die vinger na ons begin wys. Dit maak nie saak wie verantwoordelik is nie, maar daar word steeds gepraat van die Universiteit wat so en so maak. En die hele inrigting dra die las. Daarom is dit in so 'n sterk mate ons verantwoordelikheid om toe te sien dat die naam van ons Alma Mater nie in die gedrang kom nie.

Maar dit bly nog altyd dat ons eerste verantwoordelikheid ons studie is. Dit is veral in die afgelope tyd hierdie aspek wat soveel eer aan ons Alma Mater besorg het. Om die ewewig te bewaar tussen ons studie en ander aktiwiteite is dus nie so 'n maklike saak nie. Elkeen moet dit vir homself uitwerk, maar die belangrikheid van beide moet nie uit die oog verloor word nie. As daar ook maar 'n regverdige verdeling van verantwoordelikheid in ons studentelewe is, is daar ook min gevaar dat iemand hom sal vergryp aan te veel aandag aan die studentelewe. Dit wil sê dat daar geen massa-mens in ons geledere mag wees nie, maar dat elkeen gewillig moet wees om sy regverdige aandeel in die organisasie van die studentelewe te neem.

REDAKSIE
E. J. Smit (Hoofred.) P. J. S. de Klerk, D. C. Coetzee en mej. M. Stoker (Nuus), C. D. Roode en mej. H. E. Dekker (Kuns), J. C. Coetzee en mej. E. C. L. Seyffert (Sport), H. J. van der Walt, P. J. de Bruyn en mej. J. Erasmus (Varia), P. Brandt (Aflos) en C. Harrington (Fotograaf).
ADMINISTRASIE
J. C. Hendriks (Sakebestuurder), A. G. E. Yssel (Advertensie-bestuurder) B. v.d. Walt, P. J. Riekert, H. Steyn, J. Hoogenboesem, C. J. Steenekamp, A. Pyper, J. le Roux, F. Roux, mejj. K. Pretorius, M. v.d. Merwe en A. Opperman.

## Oordenking

# Ons reis het begin.

**Exodus 33:15 „Toe sê hy (Moses) vir Hom: As U nie self mee gaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie".**

Ons as studentegemeenskap staan weer eens aan die begin van 'n nuwe jaar van werksaamhede. Dis die begin van 'n moeisame reis, 'n reis wat elke student aanpak en meemaak met 'n doel — daar is ideale wat verwesentlik moet word.

Dis 'n moeisame reis en oral langs die trekpad dreig ontelbare gevare waarvan ons miskien onbewus is weens die bedektheid en vermomming daarvan, maar ook gevare wat ons oop en bloot bedreig en waarteen ons soms nie wil waak of stry nie; ja ons vertroetel en koester dit dikwels. Daar is gevare van gebrek aan belangstelling, gebrek aan ywer, gebrek aan selfdissipline, gevare van verleiding en nog baie ander. En as ons nou hierdie moeilike reis in eie krag moet voltooi, soos wat ons dikwels ook wil doen, dan is ons gewis tot volslae mislukking gedoem. Die ideaal wat jy vir jou gestel het, sal vervaag en verdwyn soos 'n skim in die verte.

Israel moes ook optrek uit Egipteland — 'n moeisame woestynreis het vir hulle voor die deur gelê. Ons ken die geskiedenis daarvan en ons weet wat dit ingehou het; en Moses wou nie in eie krag die volk tot in die beloofde land bring nie: „Toe sê hy vir Hom: As U nie self meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie." Is dit nie vir ons 'n pragtige voorbeeld van Godsvertroue en 'n besef van eie swakheid nie?

En jy geagte student, sien jy kans om jou moeilike weg te bewandel en jou ideaal waarvoor jy hier op Universiteit is te bereik sonder die krag en leiding van God? Moenie jou aan jouself oorlaat nie — die einde sal rampspoedig wees.

Vra Hom om mee te gaan, so nie, trek liewer nie hiervandaan op nie.

P. A. Smit.

# DIE P.U. VYF JAAR OUD

Op 17 Maart is die P.U. vir C.H.O. vyf jaar oud. Dit is baie min en 'n mens sou amper wil vra of dit nou iets is om mee te spog. Iemand wat egter die Universiteit ken, saam met hom as't ware opgegroei het in die dae van sy stryd om te bestaan, nie alleen in homself nie, maar ook om homself te regverding teenoor 'n vyandige buite-wêreld, teenoor 'n wêreld wat sy Calvinistiese beginsels as onwetenskaplik verwerp, verheug hom grootliks daarin dat hierdie inrigting nou al vir vyf jaar lank bestaan. En as dit net bestaan het sou dit ook nog min gewees het. Maar dit het nog elke jaar 'n fenomenale groei ondergaan. Maar selfs dit sou ook nog van min betekenis gewees het as die Universiteit sy beginsels nie sou handhaaf nie. En dit is seker die grootste vreugde dat die Universiteit kan getuig dat juis in sy prinsipiële grondslag sy groeikrag lê. Nou kan ook eers met reg werk gemaak word van die beginsels waarop die Universiteit sy arbeid verrig. Dit gaan nie sonder groot moeite nie, maar dit is ook 'n vreugde dat ons in die sweet van ons aanskyn kan soek na die ewige beginsels van ons Skepper op alle terreine en Hom in alles kan verheerlik.

**DAMES!!**
**Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT**
**teen baie redelike pryse.**
OOK ALLE TOILETWARE.
**CACHET MODES (EDMS.) BPK.**
TOMSTRAAT 56A — FOON 1389
POTCHEFSTROOM

Phone 369 Foon 369
POTCHEFSTROOM
For/Vir
"SUNFROZE"
**Roomys — Ice Cream**

**WESTVAAL**
**Studente !!!**
VIR KWALITEIT
DROOGSKOONMAAK
STUUR NA
**WESTVAAL**

**JAY'S GARAGE**
(K. NOBEL, Eienaar)
Lombardstraat 5, Foon 175,
POTCHEFSTROOM
Voorraadhouers en Handelaars in
- MASSEY-HARRIS TREKKERS
- PLAASGEREEDSKAP,
- PLANTERS en STROPERS,
- S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.

**DAVY ROBERTSON KUNSSENTRUM**
Vir die Mooiste
PORTRETTE en RAME
SANLAM-GEBOU




**„Kry 'n Kommando!"**
**Rook Kwaliteit teen Suid-Afrika se Gewildste Prys**


Omdat Kommando dag vir dag by die miljoene verkoop, rook u geurvarse* topkwaliteit-tabak teen Suid-Afrika se gewildste prys. Daarom is Kommando ook die sigaret *waarom Suid-Afrika die meeste vra.* Gee Kommando 'n kans—en oordeel self!

NET 1/2 VIR 20 FILTER, KURK OF SONDER KURK

** Uit fabrieke in* **al vier die provinsies,** *kom Kommando-sigarette kwaliteitvars by die tabakwinkel . . . geurvars en genotvol by u!*

**DIS DIE KWALITEIT WAT KOMMANDO VERKOOP!**

G1/441-2A



**So het dit gelyk met die teregstelling van die eerstejaars op die elektiese stoel. Toe hierdie foto geneem is, het die massa-histerie in die saal losgebreek en die eerstejaars is een na die ander uitgedra.**

Die Redaksie van Die Wapad wil graag langs hierdie weg hulle innigste meegevoel betuig aan mej. **Marieta du Plessis** wat haar grootvader, en **mnr. Hessel Dijkstra** wat sy broer gedurende die vakansie deur die dood verloor het. Mag hulle albei die genadige vertroosting van die Heilige Gees ondervind in ryke mate.

## Dr. G. D. Scholtz voor A.S.B.

Na uit betroubare bron verneem word, sal dr. G. D. Scholtz, verbonde aan die redaksie van „Die Transvaler" en skrywer van verskeie opsienbare publikasies, o.a. **„Het die Afrikaanse volk 'n Toekoms?"** en **„Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog,"** genader word om voor die plaaslike tak van die Afrikaanse Studentebond op te tree, hopelik reeds in die eerste kwartaal. Die onderwerp wat aan hom gestel sal word, is **„Die Republiek as Staatsvorm: in die Algemeen en 'n vergelyking tussen republiek en monargie."** Alle studente word vroegtydig reeds hiermee opgewek om hierdie geleerde en skrywer te kom aanhoor en 'n goeie saak te ondersteun.

**MALAN MEUBILEERDERS**
S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,
POTCHEFSTROOM.
**KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!**

**DIE BULT FIETS- en SKOENREPARASIE-WINKEL**
LANGS WELKOM-KAFEE.
Besoek ons vir betroubare werk en spoed!
FIETSE, SKOENE en FIETSONDERDELE.

**MOOIRIVIER-APTEEK**
Kerkstraat 155,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380.
**Die Apteek vir Diens!!**

KOM SIEN ONS—
vir al u
- Fotografiese
en
- Aptekersbenodigdhede.

**GEEN & VELLEMAN**
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.

**PRESIDENT CAFE**
FOR:
- SWEETS,
- GRILLS
and
- COOLDRINKS.

# Van Studenteraadswee

'n Nuwe jaar lê gereed om ten volle uitgehoop en benut te word — of om slegs floutjies en vreugdeloos deurgedrentel te word. Is die keuse ons s'n? Gelukkig nie. Want as ons die jaar in al ons handel, spel en werk die roepstem van ons Alma Mater wil gehoorsaam en ook ons studentelewe „In U Lig" wil stel, moet ons die tyd ten volle benut. En nou daarmee begin.

**ONS GROETE.**

Maar eers aan alle ou bekendes: bly om u weer te sien. Mag die jaar wat voorlê die verwesenliking van al u ideale inhou. En aan alle nuwelinge: hartlik welkom in ons midde. Mag u steeds vooruit op die weg na ware P.U.-Kanerskap.

**ONS MEEGEVOEL.**

Hendrik en Monica van der Merwe, Hessel Dijkstra en Maricta du Plessis het in die afgelope tyd geliefdes aan die dood afgestaan. Ons voel almal saam met hulle. En ons weet dat ook oor hulle die vertroosting van God ryklik is en sal wees.

**ONS GELUKWENSINGE.**

Soos Varia se kolomme getuig, het vele uit ons midde in die afgelope tyd tot een of ander mate die eensaamheid laat vaar en begin werk in die rigting om saam die lewe in te gaan. Aan hulle almal ons hartlike gelukwense.

Ook aan die nuwe Springbokke wat vroeër in ons midde verkeer het, 'n woordjie van gelukwensing — en sterkte.

**ONS VERHOUDING TOT U.**

Verlede jaar het ons by verskeie geleenthede die begeerte uitgespreek om te alle tye ten nouste met alle P.U.-studente saam te werk. Ons doen dit nou weer. Want as blyk van opregte naasteliefde, eensgesindheid en toewyding is samewerking hoog aan te skrywe. Maar so dikwels gebeur dit dat hierdie simptoom die dieperliggende grond vervang en dat hierdie pragtige middel tot doel verhef word. En dit mag nie.

Samewerking alleen is nie genoeg nie. Op sigself gesien, is dit 'n kleurlose, waardelose, vormlose niks. En daarom kan blote samewerking geen kragtige oogmerk vir die komende jaar wees nie.

Maar as samewerking as 'n middel tot iets edels en groots gebruik word, verander die prentjie geheel-en-al. Dan val die nadruk nie meer op die stereotiepe „samewerking" oftewel „co-operation" wat veral deur minderheidsgroepe wat hulle stempel teen wil en dank op hulle medemense wil afdruk, sa horug gery is — nie. Want dan werp die vraag „samewerking — maar waartoe?" dadelik nuwe lig op die probleem.

**Watter grootser en edeler doel kan ons samewerking ooit dien as die ere Gods?**

Pragtig — maar 'n bietjie vaag, sou u sê. En tereg ook. Want al gee dit 'n duidelike koers aan ons hele lewe, stel dit ons onmiddelike roeping nog nie so helder voor die gees nie. Ons wil 'n antwoord op die vraag „samewerking — maar waartoe?" hê wat ons dadelik direk teenoor ons eie verantwoordelikheid sal plaas en ons sal bring tot die toegewyde gedagte, woord en daad.

Ons is studente, studente aan die Universiteit wat nog op sy Christelike gedagte beroem en die lig van Gods Woord ook oor die wetenskap wil laat skyn.

Moet hierdie lig nie ook ons studentelewe bestraal nie?

Hier is ons verantwoordelikheid. Hier word ons onmiddelik en kragtig geroep tot die toegewyde gedagte, woord en daad.

**Mag dit dan die doel van ons samewerking wees: om die Christelike karakter van ons Universiteit ook in ons samesyn as studente tot sy volle reg te laat kom; om ons studentelewe waarlik Christelik-nasionaal ...en spesifiek-Calvinisties te maak; en om ook in ons studentwees die banier „In U Lig" met waardigheid te dra.**

Voorwaar 'n heerlike doel vir ons heerlike samewerking.

**ONS NUWE REGTERS.**

Maar weer terug na die meer alledaagse. Die afgelope paar maande het u jong veertiental aan die werk gespring om hul onervarenheid deur inspanning en toewyding te probeer oorwin. In hoe 'n mate hulle daarin geslaag het, moet u maar self oordeel. Hier volg 'n paar stukkies getuienis om u te help in u nuwe rol as S.R.-regter.

**ONS NUWE KAFETERIA EN STUDENTE-KANTORE.**

U veertiental het 'n stywe stukkie argitektuur agter die rug met die geboue wat ewe onskuldig daar noord van die Studentesaal verrys. Op aansporing van Professor van Rooy, voorsitter van die Senaat se komitee vir Terreine en Geboue, en alombekende studentevriend, het u jongklomp kort na hulle intrek verlede jaar met die aanbouings by die Totius-Gedenksaal begin woel. 'n Paar spesifikasies en 'n rowwe sketsplannetjie is opgestel en spoedig is 'n voorgestelde bouplan van Prof. Meiring — wat o.a. ook die Studentesaal ontwerp het — ontvang.

Die sake het van krag tot krag gegaan, en alhoewel die vakansie 'n ietwat onverwagte vertraging meegebring het, sal ons darem seker reeds voor die Junie-toetse die nodige versterking op P.U.-terrein kan bekom. Die kantore en ander kamers behoort ook die organisasie van ons studentelewe veel te vergemaklik. Maar lees maar gerus elders verder hieroor — of kom gesels so 'n bietjie by die teekan.



**Mnr. T. v.d. Walt, voorsitter van die Studenteraad**

**ONS BROSJURE-BOEK.**

Dit is miskien goed dat die Studenteraad wat in 1937 'n „Studentehandboekie" die lig laat sien het, nie geweet het dat 'n opvolger eers byna twintig jaar later sou verskyn nie.

Ewenwel, ons „Brosjureboek" is tans na vele swoeë feitlik heeltemal persklaar. Om die waarheid te sê, 'n groot deel is reeds in die tweede proeflees-stdium. Op hierdie tydstip lyk dit of hy reeds teen die einde van April die lig sal sien as 'n 250 bladsye van min of meer dieselfde formaat as „Die Veteraan".

Dit val egter te betwyfel of die naam, „Brosjure-boek" sal bly. „Pamfletboek" is op sy beste maar 'n onding.

**ONS KONSTITUSIES EN REGLEMENTE.**

Alle konstitusies en reglemente wat in die nuwe uitgawe moet verskyn, is sedert Oktober verlede jaar weer eens deeglik onder die oë geneem. Nie alleen is hulle taal baie deeglik versorg nie — en reeds noual ons hartlike dank aan dr Hertzog Venter — maar ook is hulle inhoud en bewoording sover as moontlik met mekaar in ooreenstemming gebring sodat ook die konstitusionele struktuur van ons studentelewe 'n eenheid kan toon. Al hierdie voorgestelde wysigings sal voor die finale druk van die „Brosjure-boek" deur die verskillende verenigings en klubs goedgekeur — of weer eens gewysig — moet word. Intussen het die verskillende besture hulle onderskeie konstitusies en huishoudelike reglemente deeglik onder die oë geneem om die eerste proeflees-stadium so min as moontlik te vertraag. Geduld met ons konstitusionele krisis!

**ONS NUWE RUBRIEK.**

'n Nuweling maak met hierdie uitgawe sy verskyning tussen die gereelde rubrieke van „Die Wapad". Die doel van „Op die S.R.-tafel" is om u kortliks 'n oorsig te gee van die verskillende soorte werk wat in die Studenteraadskantoor afgehandel is. Feitlik niemand maak van hulle reg om goedgekeurde notules van Studenteraadsvergaderings onder oë te kry, gebruik nie. Ons hoop dat hierdie lysie van die belangrikste sake wat ter tafel was u sal prikkel om oor een of ander in die Studenteraadsnotuleboek na te lees.

Terloops, hierdie uitgawe se rubriek bevat slegs die hoofpunte omdat die lysie te lank sou gewees het.

**ONS EERSTEJAARS.**

Ons nuwe intrekkers van vanjaar het u veertiental besonder baie sweet en inspanning gekos. Tog het ons nuwelinge deur hulle houding en gedrag al hierdie opoffering ten volle beloon.

In die eerste plek is reeds vroeg in September en Oktober verlede jaar op verskeie vergaderings 'n doeltreffende aksieprogram bespreek. Voor die einde van Oktober is 'n voorlopige program deur die verskillende instansies goedgekeur. Voor die begin van hierdie kwartaal is hierdie programme uitgebrei, bekragtig, afgerol en versprei. En na die beste van ons vermoë is hierdie program toe uitgevoer.

**Aan almal wat bygedra het tot die uitvoering van hierdie programme hetsy ouheer of oudame, hetsy komitee-lid of belangstellende —ons hartlike dank. En hier moet 'n mens beslis die mense wat die klompie so goed laat sing het, uitsonder. Baie dankie dirigente Gert, Wimpie en Lood en begeleiers Pieter, Okkie en Bettie!**

In die tweede plek is weer eens die gebruiklike voorligtingslesings gelewer. Later in die jaar sal die eerstejaars nog 'n keer of twee bymekaar geroep word om verdere voorligting en wat dies meer sy te ontvang.

In die derde plek is ook meegewerk aan die publikasie wat van Universiteitsweë vanjaar aan die eerstejaar uitgereik is. Die stukkie oor ons studentelewe is naamlik die werk van 'n kommissie van die Studenteraad.

**Mag dit wat pas verby is duidelik en ondubbelsinnig die onmisbaarheid en geweldige opvoedkundige waarde van ontgroening — wat al amper 'n vloekwoord in party geleerdes se woordeskat geword het — aantoon. En mag vanjaar se eerstejaars besef dat van alle kante baie moeite om hulle ontwil getroos is. Mag hulle dan self voortbou en voortgaan op die ware weg. Ontgroening is verby — maar eerstejaarskap duur die hele jaar. Die skouer dan aan die wiel!**

**ONS MUSIEKVERENIGING.**

As hierdie skrywe in druk verskyn sal die Musiekvereniging hopelik reeds heeltemal by ons studentelewe ingeskakel wees. Hartlik welkom in ons midde. U kan aan 'n lang gevoelde behoefte voorsien. Laat die daad die lewenskrag van hierdie jong onderliggaam van die A.B.K.K. op ondubbelsinnige wyse aan die lig bring!

**ONS KLEURE EN WAPEN.**

Verskeie gevalle van kleurmisbruik het in die afgelope tyd onder ons aandag gekom. Kragtens Wet nommer 23 van 1935 („Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet 1935") is

(Vervolg op bladsy 6)

BESOEK—

**HARRY JEDEIKIN**

VIR

BOUMATERIAAL TIMMERHOUT en YSTERWARE.

TEVREDENHEID GEWAARBORG

Foon 639 115 Kerkstraat

**S. A. N. L. A. M.**

Word verteenwoordig deur

MNR. VENTER,

Noordbrugweg 3 — Telefoon 1247,

POTCHEFSTROOM

Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.

**SCHOONHOVEN HAARKAPPERS**

„Dames en Here Studente! . . . . "

Hier is die adres van u Ned. gedipl. Haarkundige Haarkapper:

Foon 1486. Eienaar: G. SCHOONHOVEN.

MNR. J. S. DU PLESSIS,

U VERTEENWOORDIGER VAN

**REMBRANDT**

Meyerstraat 9 — Telefoon 897

POTCHEFSTROOM.

# Op die S.R.-Tafel

Aantal vergaderings (tot en met 17 Februarie 1956): 1955: 8
1956: 3

- Kafeteria en kantore
- Studentesaal
- Finansiële stelsel.
- Kleure.
- Inventaris.
- Vervoer
- Lente-maskerade.
- Argief.
- Toerplanne.
- Eerstejaar.
- Benoemings.
- Konstitusies en reglemente
- Kontrole by vergaderings
- P.U.-wapens.
- „Toeskouers-apparaat".
- Musiekvereniging.
- Brosjure-boek.
- Visitasie.

(Vervolg van bladsy vyf)

ons kleure offisieël beskerm. Maak dan seker dat u bekend is met die nodige bepalings oor die dra van ons kleure — veral omdat hulle ook vir u 'n kosbare simbool is.

'n Sakie wat nie al te wyd bekend is nie, is dat ook die verkoop van tweedehandse P.U.-kleurbaadjies -lapelwapentjies en -dasse deur middel van 'n kleurstrokie moet geskied. Die aspirant koper moet op die gewone manier 'n kleurstrokie by die Studenteraadskantoor aanvra. Hierdie strokie oorhandig hy met die beklinking van die kooptransaksie aan die verkoper wat dit op sy beurt weer so gou moontlik by die Studenteraadskantoor inhandig. As iemand dus 'n P.U.-kleurbaadjie, -lapelwapentjie of -das aan 'n persoon verkoop sonder dat hy 'n kleurstrokie daarvoor in ontvangs neem, maak hom skuldig aan oortreding van Art. Vb(ii) van die Huishoudelike Reglement van die Studenteraad en hy kan hom dus die strawwe genoem in Art. Vc(ii) op die hals haal.

**Die Studenteraad bied tans gemonteerde gidswapens teen £1.2.6 en £1.7.6. te koop aan. Hulle kan by die hulppenningmeester van die Studenteraad besigtig en bestel word.**

**ONS FINANSIES.**

Ons finansiële stelsel — wat reeds op 'n besonder hegte basis geplaas is — word tans weer grondig hersien. Daar is nog lekplekkies wat toegestop moet word. Die vernaamste hiervan raak die voorrade van klubs, komitees en verenigings. Omdat daar in die verlede nie streng genoeg kontrole uitgeoefen is nie, is studente-eiendom soms verwaarloos en selfs laat verdwyn.

Kragtens 'n Studenteraadsbesluit sal elke bestuur van elke liggaam wat onder die patronaat van die Studenteraad val, aan die begin van hul onderskeie werkjare 'n inventaris opstel van alle voorrade en besittings van die betrokke liggaam. 'n Afskrif van hierdie inventaris moet dan by die Studenteraad ingehandig word. Ook moet die verskillende voorsitters en sekretarisse hulle skriftelik bind om persoonlik verantwoordING te doen van alles wat die inventaris insluit. Op enige tydstip gedurende die jaar sal alle voorrade dan aan die hand van hierdie inventarisse — wat op datum gehou moet word — gekontroleer kan word. Verder sal die nuwe argief en argiefreglement maar moet bydra tot die uitskakeling van misbruike t.o.v. ons voorrade.

Die vervoer van die verskillende klubs en verenigings het ook probleme opgelewer. Daar is besluit dat vervoer in die toekoms slegs van die verskillende gelisensieerde instansies verkry mag word. Voor 'n klub dus 'n private voertuig as vervoermiddel na een of ander geleentheid kan gebruik, sal 'n spesiale lisensie vir die betrokke voertuig gekoop moet word.

**ONS VERJAARSDAG.**

Op 17 Maart 1956 is die P.U. vir C.H.O. vyf jaar oud. Die Studenteraad het dit goed gedink om hierdie geleentheid ook deur ons studentegemeenskap feestelik te laat herdenk. 'n Aantreklike program word in samewerking met A.S.B. en Korps Veritas Vincet beoog. Genoeg om te sê dat ons beginsel die tema van die verrigtinge is, dat daar op Woensdag, 14 Maart onder beskerming van Korps Veritas Vincet 'n lesing oor die taak van die Calvinistiese student gehou sal word, dat A.S.B. Donderdagaand, 15 Maart vir 'n voordrag oor die Christelik-nasionale aspek van studentwees sal sorg en dat die simposium van Vrydagaand 16 Maart oor die Bybel as grondslag van die wetenskap sal handel. Ons reken op u steun ook in hierdie verband.

**ONS SPORTLEWE.**

Hartlik geluk aan die Bofbal- en Krieketklubs met hulle lofwaardige gedrag gedurende die bofbal- en krieket-toernooie wat onderskeidelik op Stellenbosch en Potchefstroom gehou is.

Die Intervarsity-datum is ongelukkig weer eens in die weegskaal. Weens 'n misverstand moes die datum wat reeds verlede jaar op ons versoek goedgekeur is, gekanselleer word.

Intussen het die Studenteraad reëlings getref vir die verkry van „toeskouer-apparaat " (rosette, barets ens.) met die oog op Intervarsisy. Meer besonderhede volg later te gelener tyd.

**ONS BYWONING.**

Die kontrole-stelsel by die verskillende lede- en programvergaderings het in die verlede veel te wense oorgelaat Voortaan sal 'n stelsel soortgelyk aan dié wat vir die Geloofsleerklas gebruik word, ingevoer word.

U sal by die deur 'n gestempelde kaartjie ontvang. Skryf u naam, voorletters (almal — en altyd dieselfde asseblief) asook u studiekursus (bv. B. Sc. I) op die ongestempelde kant. Handig dan weer die kaartjie by die deur in as u uitstap.

Op hierdie manier sal hopelik slegs diegene wat werklik deur hulle belangstelling gedurende die jaar stemreg verdien het, aan die einde van die jaar meewerk aan die samestelling van die nuwe besture.

**ONS KRAG.**

Maar genoeg. U as regters behoort nou reeds voldoende getuienis voor u te hê om 'n idee te kan kry van die dinge waarvan u jong veertiental in die afgelope tyd aandag gegee het.

Dit is egter nie ons krag nie. Want werk en toewyding alleen is nie voldoende nie. Ook die beginpunt en die eindpunt, die grondslag en die doel, moet reg wees. En hierin lê ons krag. Want ons is studente van die P.U. vir C.H.O.

**Mag ons dan hierdie jaar deurwandel op die grondslag van Gods Woord, met Sy Eer as doelpunt, 'n werklik Christelik-nasionale, spesifiek-Calvinistiese studentelewe as onmiddelike ideaal en as middels toegewyde werkkrag, onverbreeklike geloof, vaste hoop en vurige liefde.**

T. v.d. W.



# Brokkies uit die Kunswêreld



## *Mozart* ....
## Veelsydige Komponis
### Musiekvereniging se planne.

Oor die lengte en breedte van die wêreld word Mozart se tweehonderdste geboortedag vanjaar herdenk. In Salzburg, die komponis se geboortestad, het die feesvierings reeds 'n aanvang geneem en dit is veral hier wat die verrigtinge 'n hoogtepunt gaan bereik.

Wolfgang Amadeus Mozart is op 27 Januarie 1756 in Salzburg gebore. Reeds as driejarige seuntjie het sy buitengewone talent vir musiek sterk op die voorgrond getree en kort daarna het sy eerste komposisies die lig gesien. Sy vader Leopold, self 'n begaafde violis, het besef dat die jonge Wolfgang 'n geniale aanleg besit en het dit van vroeg af in die regte kanale gestuur. Gedurende sy uiters gekonsentreerde lewe van 35 jaar het Mozart 'n blywende skat aan die wêreld nagelaat en daar was haas geen gebied in die musiek wat hy nie met welslae aangedurf het nie. Sy lewenswerk bevat o.a. operas, ongeveer 40 simfonieë, konserte vir klavier, viool, klarinet, fagot ens., klavier- en vioolsonates, strykkwartette, 'n menigte liedere en gewyde werke.

#### MUSIEKVERENIGING

Ook die P.U. Musiekvereniging gaan poog om Mozart vanjaar in dankbare herinnering te bring. Die plan is voorts om die besoek van die Simfonieorkes in 'n Mozartfees te omskep. Daar word 'n vriendelike beroep op die studente gedoen om die Musiekvereniging in sy werksaamhede te ondersteun, want die aanbiedinge gaan soms gepaard met groot opoffering en onkoste. Sonder die hulp van die studente kan die vereniging nie 'n sukses maak nie en die inskakeling onder die patronaat van die Studenteraad het juis ten doel om 'n beter samewerking van studenteweë te kry. Ons sien uit na 'n nuwe reeks interessante aanbiedinge en as alles volgens plan verloop sal u die geleentheid kry om vanjaar oorsese talent hier plaaslik te hoor.

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

## Verloof en Getroud

Die afgelope vakansie het 'n hele aantal van ons Pukke en oud-pukke alweer die strop om die nek gekry. Die volgende persone is getroud: Ina van der Walt en Josef Henning, Therese van der Merwe en Victor D'Assonville, Nandy o'Grady en Jannie Potgieter, Ina Malan en Chris Wentzel, Piet Pretorius en Dorothy Terblanche, Salome de Waal en J. C. Strydom, Petro Robbertse en Neels van der Linde, Ina Stander en dr. Lingenfelder, Lina Steyn en Daisy de Neysschen, Sophie Claassen en dr. Vosloo en Stefanie Coetzee en Ben van der Walt.

Verder hoop ons om ook binnekort van die volgende troues te hoor: Frans Cachet en Vida Geertsema, Louwtjie van der Vyver en Rita Smit, Rita Dreyer en Mike van Rooyen, Elise van der Walt en Spottie Minnaar, Groot Dick Putter en Betsie du Preez, en Venessa Heiberg en Tollie Burger.

## JEREMY KOM AFRIKAANS LEER

Jeremy Ambler, 'n ses-en-twintigjarige student in moderne tale aan die Universiteit van Cambridge, is tans besig om as gasstudent aan die P. U. Afrikaans te bestudeer. Van die moderne tale het Jeremy Deens en Afrikaans gekies en van Deens dra hy reeds n deeglike kennis. Hy het aansoek gedoen om in Suid-Afrika aan die P. U. vir C. H O. Afrikaans te bestudeer en hy sal hier as gas vertoef tot aan die begin van Mei wanneer hy teruggaan na Engeland toe.

Op die oomblik volg Jeremy 'n eerste-jaars-kursus in Afrikaans en verder loop hy spesiale klasse. Sy kennis van Afrikaans het reeds geweldig vermeerder.

In 'n onderhoud het Jeremy gesê dat hy nie alleen die Afrikaanse taal wil aanleer nie, maar ook die maatskaplike toestande, geskiedenis en kultuur van die Afrikaanse volk wil bestudeer.

Vyf jaar gelede was Jeremy ook in Suid-Afrika toe hy in die Oostelike Provinsie werksaam was. Toe het hy al groot dele van die land deurreis. Hy hoop om in September 'n driejarige kursus in Landbou te Kopenhagen te begin. Daarna is hy van plan om hom in Suid-Afrika te kom vestig, hopelik in diens van die Departement van Landbou.

## HUGENUET
### teleurstellend ontvang
### N.T.O. bring Die Twisappel.

Teen die einde van verlede jaar het André Hugenuet met die opvoering van „Die Hemelbed" 'n baie teleurstellende ontvangs in Potchefstroom gehad. In hierdie skitterende stuk van Jan de Hartog wat beide die lig- en skadukant van die huwelikslewe humoristies uitbeeld, het die enigste twee spelers in die stuk, André Hugenuet en Berdine Grünewald bykans onoortreflike spel gelewer. Tog was die opkoms maar swak, veral as ons dit vergelyk met die van die laaste N.T.O. opvoering. Of ons die oorsaak moet soek daarby dat Hugenuet se geselskap nog nie bekendheid verwerf het nie, en of dit is omdat die Afrikaanse gehore nog maar geneig is om 'n ligter stuk te verkies, sal die toekoms ons nog moet aandui. Ons hoop egter dat Hugenuet se geselskap wanneer dit in die loop van hierdie en die volgende jare Potchefstroom met opvoerings van Shakespeare sal besoek, beter ondersteuning sal geniet.

Die N.T.O. het hierteenoor groot sukses behaal met hul laaste opvoering. Met **„Die Twisappel"**, 'n blyspel van **W. A. de Klerk** wat verlede jaar deur die Kaapstadse Afrikaanse Toneelvereniging bekroon is, het hulle 'n geesdriftige gehoor getrek wat sekerlik nie teleurgestel is nie.

#### SPELERS

Die hoofspelers, **Limpie Basson** as Paul Verster en **Eghart van der Hoven** as mnr. Van Vlaanderen, het 'n goeie vertoning gelewer, en ook **Mathilde Hanekom** as Mutti het haar gewone goeie spel gelewer. Miskien was **Danie Smuts** se vertolking van die worstelende jong kunstenaar ook nie swak nie, maar ongelukkig het hierdie rol nie veel verband gehou met die res van die stuk nie en het die skrywer gefaal om sy probleem duidelik te stel. Origens was die spel gemiddeld, die van **Tilana Hanekom** was selfs hinderlik geaffekteerd, en Kay **du Toit** in die rol van mev. Verster was nie heeltemal oortuigend nie.

#### TEMA ONWERKLIK

Die stuk self is besonder interessant met sy kleurvolle agtergrondstekening — die Boland — en 'n intrige tussen twee interessante menstipes, 'n goedhartige boer en 'n inhalige Hollandse oud-seekaptein. Die tipering van die skynheilige dominee en die voortvarende jongkêrel is ook baie raak. Wel is die tema waarom die stuk geweef is, die wonderappel, ietwat onwerklik en is die rol van Brenda te doelbewus daarop gemik om die gehoor te laat lag, maar in die geheel geneem het die opvoering 'n genotvolle aand verskaf.

**DIE ARCADIA HAARKAPPERS**

VIER GEKWALIFISEERDE HAARKAPPERS TOT U DIENS.

**„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons Leuse.**

**Bedieners van Dames sowel as Mans.**

**DIE BULT SKAATSBAAN**

**„PUKKE, ondersteun ons vir AANGENAME ONTSPANNING!"**

Oop vanaf 7.30 in die aand

**N O O R D B R U G Kontantwinkel**

(Eienaar: A G. Botha).

LANGS N.-POSKANTOOR

**Vir Kruideniersware, Skryfbehoeftes, Lekkers, Sigarette en Toiletware**

# Ouverture tot die eerste bedryf van die „Goldrush"

('n Opertette deur Heirich von Hengelen.)

Die ystergordyn skuif oop. In 'n goue waas van "torch"-ligte verskyn 'n allerpragtigste Doortji op die verhoog wat met diamante bestrooi lê.

In 'n skril skeermes-soprano hef die Doortji haar inougurele aria aan.

**Doortji:**

Kom dans met my, kom dans met my!
Wat wil jy liewer, beter doen
As in die lentetyd te vry,
As alles mooi is, alles groen,
En as jy vry, jou lief te soen?

'n Draaki geklee in 'n mislike "overall" van prefektrots verskyn uit die niet en onderbreek die Doortji se treffende aria met sy skor balk-bariton. Die Doortji sak in 'n trans op die vloer neer. Die Draaki hef sy aria van teleurgestelde verbittering aan, nademaal hy nie sleepkoning kan wees nie.

**Draaki:**

Rooi satyn en strikkies — 'n snaakse skepsel 'n vrou!
Strikkies van bont satyn en rose van krip in die rou,
En 'n ewige lag om die mond wat altyd maar byt en snou,
'n Opgetakelde spinnekop wat diep met haar pote klou.

Die Draaki verstyf in sy skoene. Sy oë dop om soos 'n verlepte slaaiblaar in die Karoo-son. Stoneyti de Corti verskyn op die verhoog en sy stroperige liriese tenoor laat die akoestiek van die saal tril. Stoneyti: lewer sy area in Hoog-Hollands.:

**Stoneyti:**

Geef een meisje bruine lokken,
Lippen nimmer moe of bang
Om te kussen of te jokken,
Heel het lieven leven lang.

Stoney snak na sy asem as Hanni vadi Walti op die verhoog verskyn. In 'n sagte kabaret-soprano dra sy haar verwarring met 'n Vlaamse aksent voor:

**Hanni:**

O, sfinxlag om dien fijne mond,
O, raadsel dat ik nooit verstond.

Met 'n tornadiese trilling in haar stem breek sy af as Ewwie di Klerki hom self op die verhoog werp. Sy dramatiese piep-tenoorstem vervul die hele Vleuel met skrik.

**Ewwie:**

Die boek, so boeiend, werp ek neer,
Al is dit so bekoorlik nou,
Maak wawyd oop die deur, en teer
Word Sarie aan my hart gevou.

Wanneer hierdie onvergeeflike aria op sy hoogtepunt is, ruis daar 'n oseaan van stemme van agter uit die ystergordyn op. Almal op die verhoog „join" ook in by hierdie solo. Die Doortji se skeermestone skeur die ystergordyn in twee. Hartroerend dra sy haar vurige verlange aan die Oudami's voor. Die koor agter die ystergordyn neurie op lieder-wysie saam.

**Doortji:**

Gij Moeders,
Gij hoeders
Der bloeiende jeugd,
Wat mort gij, wat noemt gij
De spijtigheid deugd.
Wat keert gij
En weert gij
De listige Min.

Die hoogtepunt kom egter eers hierna as ons eie plaaslike sniksanger Pauliti di Bruini in 'n snikkende hoë kontralto die swane-aria aanhef:

**Pauliti:**

Daar oorkant die (Wasgoed)-spruit,
Woon 'n baie mooi kind,
Hoe sal ek maak om haar te vind?
Dis te ver om te loop .....
(En sy baaisiekel se wiel was pap.)

As Pauliti sy swanesnik lewer, skuif die ystergordyn stewig toe. Alles is stil.

Die "Goldrush" het begin.

---

## NUUSBROKKIES

Prof. Van Rooy is kort na die vakansie in die hospitaal opgeneem vir operasie. Na verneem word was die operasie nie van 'n ernstige aard nie, en het dit ook baie suksesvol afgeloop.

Mnr. J. H. Malan en C. J. Burgers van Malan-meubileerders het bekend gemaak dat hulle vanaf 1956 'n studie-beurs van £30 per jaar aan studente sal skenk. Die Universiteit dra die verantwoordelikheid van die toekenning van die beurs.

Binnekort sal met die oprigting van die nuwe administratiewe geboue begin word. Die tender is reeds aanvaar. Hopelik sal die gebou op die eerste Desember aan die Universiteit afgegee word. Op 25 Augustus word die hoeksteen van die gebou gelê deur die Eerste Minister, Sy Edele adv. J. G. Strydom.

Goedkeuring is reeds verkry vir die oprigting van 'n nuwe dameseetsaal. Daar sal so gou moontlik met die oprigting begin word, en die koste sal ongeveer £22,000 beloop. Die Universiteit is voornemens om self die bouery te onderneem.

Binnekort sal begin word met die oprigting van 'n nuwe Skeikunde-laboratorium teen 'n koste van ongeveer £94,000. Tenders word nog ingewag.



## VAN DIE REDAKSIE

Reitzstraat 41,
Potchefstroom.
7 Maart 1956

Geagte Pukke,

Met feitlik 'n splinternuwe redaksie aan die roer, hoop ons om vanjaar weer netsoos in die verlede, aan u baie vreugde te bied. Nog meer, ons hoop om in aansluiting met die begeerte van die Studenteraadsvoorsitter, in die nouste voeling met ons studente te bly. Maak dus die Wapad vanjaar u eie en laat ons dadelik weet as daar iets in ons blad verskyn wat vir u hinderlik is en laat gerus ook maar van u hoor as u dink dat die Wapad vir u bevredigend is.

Soos u miskien ook al opgemerk het, sal die Wapad vanjaar mooi tien jaar oud wees. In 1946 het die Wapad naamlik vir die eerste keer verskyn. Ons hoop dus om in ons volgende uitgawe iets meer daaroor te laat verskyn. Hou dus maar ons volgende uitgawe dop.

U sal ook merk dat daar 'n nuwe rubriek verskyn, naamlik„Op die S. R.-tafel". Ons is bly dat ons ook op hierdie manier die noue samewerking van die Studenteraad kan kry en ons hoop om so ook te kan bydra tot 'n baie nouer kontak tussen die Studenteraad en die massa.

Ons beste wense gaan aan al die studente van ons Universiteit — eerste-jaars inkluis — en ons hoop dat u vanjaar veel vrug op u arbeid mag sien. Maak werk van u studie, want dit is tog waarvoor u hier is, maar vergeet tog ook nooit dat u studente is nie en handhaaf dit op die regte blymoedige wyse. 'n Aangename jaar, Pukkies! E. J. Smit (Hoof-red).

---

## WAAR DIE OUD-PUKKE HULLE BEVIND

Selma van Schouwenburg, Marie Visser, Hanlie du Toit en Henriëtte Robbertse is aangestel op die personeel van die Rustenburgse Hoërskool. Edna Kruger, Mariette Bischoff en Elsa van Wyk hou skool op die Hoërskool van Carletonville, Ansie van der Merwe op Parys, Marietjie du Plessis en Ria Strauss op Bloemfontein, Ponie du Plessis op Morgenzon, Esme Venter en Babie Snyman op Potgietersrus en Anette van der Walt op Carolina.

**A. T. LUKE & KIE.**
**APTEKERS**

Vir al u . . .

- Mediese en skoonheidsbenodigdhede
- Grammofoonplate,
- Radio en Elektriese Benodigdhede,
- Kiekies ontwikkel en afdruk.

**Bus 29, Potchefstroom, Tel. 39**

---

**Central News Agency Ltd.**

CNA

Ons Voorsien in alle Universiteitsboeke, skryfbehoeftes, Plaaslike en Oorseese Tydskrifte en Koerante.

Kerkstraat 89, Telefoon 114.
POTCHEFSTROOM

---

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE
en
KOLONIALE

- **Wynsoorte**

en

- **Spiritualieë**

---

**J. HEIDEMA**

Vir
FIETSE,
TIKMASJIENE
en
MOTORFIETSE

**J. HEIDEMA**
(teenoor Geref. Kerk.)
Kerkstraat 30,
POTCHEFSTROOM.

---

**Groenpunt-Kafee**
Von Wiellighstraat,
vir
Vars, Smaaklike
VRUGTE en GROENTE.

## UNIE BAKKERYE

Posbus 244 — Foon 167 en 1086.

BROOD, KOEK en PASTEITJIES.

Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede.

TROUE-, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.

Kerkstraat 38, Potchefstroom.

Spoorwegstraat, Klerksdorp

## Studente . . . !!

Vir al u

- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS

## POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL

Kerkstraat 90 — Telefoon 497

## J. P. van der WALT APTEEK

Kerkstraat 111 — Potchefstroom.

„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"

Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

## JOE'S MOTORS

25 Kerkstraat Foon 923

HANDELAARS IN ONDERDELE

KOOP EN VERKOOP TWEEDEHANDSE MOTORS

ONS WAARBORG ALLE HERSTELWERK.

## BLITZ! . . .

DROOGSKOONMAKERS

Stuur u klere na ons . . . ons sal weet wat om daarmee te doen!

VIR . . . . .

VIS, ERTAPPELS, VERVERSINGS, ens.

Von Wiellighstraat 13, POTCHEFSTROOM.

WELKOM KAFEE

Dis u Kafee, Studente!


# SOTTIE SE SUSSIE!

Koeloe,
Pots.
13 Vewerwarie 1956,.

Mei gelievste oom soois en tant fyja,

Hierdie ou brievie kan hi mens okkie juis hi briev noemie, wantit is mar net om te seg latik nog leev en fylig foel. Dit gat nog goeterag met mei enek willie hoop ytspreek ommie selle fan hille ti hoor wat nog oppie plaas is.

Seker sal oom soois oom halvpat doot skrik as oom mei nou op deeske oomblyk sien rontloop.....
Jislaaik oom, hille het fir mei hi eislikegroot, ronne pampier fan kartbort lat maak; iets sos watte mens oppe soetkys sit as hi mens mit hi tryn gat rei, of soos daai kart wat om oom si ou oorli esil si nek was wat net na die dippressie ennie groot droogte nog hi konsilysjin praais ontfangit omlat hy die laasti was oppie sjou.

Dis aan daai ou esil watik meiselwers lat dink, omlatik net so bikeik worre...en ok net so dorstig fan giaartytt is. Soggins maak ons fan sesier al fisikil eksirsaaisis. Hi mens sweet solatie sweet silke fore fan erosie oor jou gasig maak. Dis dan watta mens firstaan hoekom ons ou esel alteit tanta se nat wasgoed eitgeseig het . . . . net virie ou biekie sopperighyt.

Die oudames en ouhere bekeik ons solat ik amper dootgat fannie skaamgyt. Die mense issie baje ouer as ons nie, mar net oppie joeniewersityt. Die oudames keik lat ons nie die ouhere vat fan hille affie. Dis ampir sos kowbois en kroeks sonner ammeniesie. Die ouhere bekeik ons asif hille ons wil koop ... fan bo na onder yt, fan links na regs, agter na foor en fan krys na dwars.... dis sos wat hille keik. Oom hoef oom darm nie baja ti bikommer nie, ek sil mar als pirbeer dra, met hi glimlagie.

Oom hille seg fir ons dore hier. Ek weet oom dink nou aan hi duwweldoor yer, mar ons het niks te doen met hi hoener nie. Die jongekies word drake ginoem. Dis nie norig om te skrik nie want al wat bei hille neusopeninge ytkom, is as hille 'n sigret pirbeer rook.

Toe ek oppie tryn klim, wassik so bang latik kan skree, assie tryn so finnig rei. Ek siet toe lat die tryn baja swaer is fan allie stoedinte wat ok trug gaat na die kolliets offie Peeieka. Die tryn was foller as die folste blikkie sardiens wat ik nog oooit in mei lewe gesietit. Daar was net dysende seuns en dogters en elke een het hi kys gihat. .. die eerstejaars het soetkyse gihat ennie ouhere weer mysiekysies. Hille hettie jys bang gilykie en toe blei ik mar nog, ek was so bang latik nie kon los waarik gehouiti Toet ik begin dink lat wat sou gibeerit assie tryn si wiel iets oorgikomit, assie wiel maskien pap giwortit fan allie swaergyt. . . Ooe ek was so bang. Die dysendi stoedente sou seker almal gihelpit.

Daar was hi baja goeije man wat mit mei giselsit latit klap. Sei naam is glo oom fanjan plesie. Nadat hei sei twakkanon giferligit seg hei latk fit hom moet firtel waarheen ik gat en watik wil gaat doen. Ek seg toe latik na die peeie vir seehao gat en toe seg ik wat sottie mei solank aan gileerit. Ek seg: oom, ek gattie drie groot esse (SSS) ennie klyn (s) doet. Die oom raak toe so ge intrisseert lat hei nie weet waar om ti keik nie. Ek gaat toe voort om ti seg lattie esse, dissie grootes, fir skiet, sleep en speiker staat ennie klyn essie fir swot, (dis mos net sos Sottie mei geleerit; ek wassie seker offie anner es dalk syp issie). Haai oom mar doggie man lag hom hi papie. . . nou wonnir ik of sottie nie dalk weer fir mei gijok hit nie. Die man seg hei is hi lektor, ek kannie sê latik al fantifore fan hierie soort torre al gihoorit nie. Watse pes is dit oom? Omlat hei so gilagit het ek mei mont tot op koeset gehou. Fan jêmistin af het ek loshanne gerei.

Allie kinners hou fan mei omlat ek sottie se familje is. Almaal fertel net hoe finnig hei met sei tong was, dis nou nie floek nie maar glo whittie, ek wetie somooi watit beteken nie want ek het noggie mei britse dieksjinêrie. Glukkig het ek nog kos anners moes ek weer gevra het en dit laat ek maar ek sal bly wees vir hi stikkie biltong. Saans asik gat slaap sit ek nog gireeld mei pieksiekeps op, solat ekkie koue kan fattie.

Baja groetis an almal wat mei ken.
Oom se niggiekie,
MIEKIE.


## Ed. L. OOMS, (N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)

- OOGKUNDIGE.
- Brilspesialiteit.

U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.

Kerkstraat 129 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 980

EIE OPTIESE SLYPERY.

Depot: CARLZEIS-JENA.


## Dore en Ontgroening

**Definisie**

'n Door is 'n onwelkome, simpele indringer wat heeltemal gevoelloos, doofstom, droog en goor is: maar wat tot enige iets moontlik of onmoontlik in staat is. Verder is hulle die grootste „vampers" op die aarde

* * *

Waar elke nuweling 'n ontgroeningstydpek moet deurmaak, is . ... dit alleen om ons matriekhoogmoed tot onderwerping te bring. . . (Nou toe nou.)

* * *

„Juffrou, dit het hoofpyn."
Oudame ewe vriendelik: Waar door?
. . . Sy was maar 'n skamerige door. Selfbewus en met haar oë op haar skoene gerig, waag sy dit om voor 'n groep ouhere verby te loop. „Haai juffrou", roep een, „hier is 'n ou wat jou wil skiet." . . . Sy draai stadig en skamerig om, dog vol hoop. Skielik tref 'n rooi bessie haar voor die kop. . Haar eerste skiet!

## In die Kalklig

Daar is opgemerk dat **Duif Duvenage** en **Chris Coetzee** deesdae met "safety razors" skeer, maar as 'n mens na hulle gesigte kyk, kan jy aflei dat dit heeltemal "safe" is want daar is geen "razors" nie.

Uit betroubare bron word verneem dat **Tokkelok van der Walt** behalwe studeer ook nog hulpdiens verleen aan 'n slagtery in die dorp. Hy skop glo beeste dood by die slagpale.

Ons korrespondent van die B-veld deel ons mee dat **Gert van der Bergh** behalwe sy hulp aan die departement Geskiedenis ook nog ander privaatlesse doseer.

. . .., Sê 'n oudame: Een ding is dit wat ek begeer van die lewe, ja, twee waarsonder ek nie kan klaarkom nie: 'n ouheer wat my kan vermaak en 'n door wie ek kan vermaak.

## Waarhede . .

Getting married is a serious matter for a girl, not getting married, is even more serious!

* * *

Falling in love is the most fun you can have without laughing.

* * *

All men are liers, but all liers are not men.

* * *

'n Mens moet self groei, hoe groot jou oupa of pa ookal was.

* * *

Kla wek meer minagting as medelye, . . (vir eerstejaars.)

* * *

Daar is niks wat betekenisloos is nie.

# Bofbal op Stellenbosch

## Pukke neem wraak teen U.O.V.S.

Tydens die interuniversitêre bofbaltoernooi wat gedurende die somervakansie plaasgevind het, het die P.U. daarin geslaag om 'n klinkende oorwinning van 19-3 oor U.O.V.S. te behaal. Die oorwinning was veral soet vir ons manne omdat U.O.V.S. net verlede jaar nog die Pukkies kwaai verniel het. Wat hierdie oorwinning des te merkwaardiger maak, is die feit dat dit slegs die tweede jaar is wat die P.U. op die bofbaltoernooi verteenwoordig is.

Toe die Pukke die Maandag teen UO.V.S. op die veld draf vir hulle eerste wedstryd van die toernooi, was hulle sommer lus vir die ding. Die toernooi was dan ook skaars aan die gang of **Hennie van der Walt** moker 'n lieflike hou om die eerste tuislopie te behaal. **Dit was 'n besondere prestasie as in aanmerking geneem word dat daar op die hele toernooi slegs drie tuislopies geslaan is.** So lekker het die Pukkies gespeel dat hulle slegs vyf beurte nodig gehad het om die groot oorwinning van 19—3 te behaal. Die wedstryd is veral gekenmerk deur die skitterende gooiwerk van **Lang Stonie Steenkamp** wat die dag net nie 'n bal van die plaat af kon gooi nie. Ongelukkig is **Nokkels Fourie** tydens die wedstryd beseer.

Dinsdag het sake egter verkeerd

(Vervolg volgende kolom)

(Vervolg vorige kolom)

verloop vir P.U. Hulle het teen Stellenbosch te staan gekom, wat eindelik as kampioene uit die toernooi getree het, en het 'n behoorlike pak van 21—0 op die lyf geloop. Deur 19—6 teen Wits te verloor het die Pukke Woensdag ook nie te waffers gevaar nie. Hier moet egter opgemerk word dat die Pukkies baie ongelukkig was daar **Lang Stonie** se arm hom so begin opkeil het dat hy die gooiersplaat moes verlaat. Hoewel **Kort Stonie** hom goed van sy taak as gooier gekwyt het, is Lang Stonie se afwesigheid sterk aangevoel.

Voor die vierde en laaste wedstryd het ook **Daan Eloff** seer gekry en P.U. kon net-net 'n span in die veld stoot vir die wedstryd teen Tukkies. Wanneer dit in aanmerking geneem word, voel mens dat die Pukkies goed gevaar het om die wedstryd slegs 14—8 te verloor

Onder die P.U.K.-geledere het **Nick Viljoen** in so 'n mate uitgeblink dat hy in aanmerking gekom het vir die B.- en C.-spanne van die Gekombineerde Universiteite. Omdat die Pukke egter vroeg reeds moes vertrek was hy nie beskikbaar nie.

'n Baie aangename gees het onder die Puk spelers geheers en met veiligheid kan gesê word dat die spangees van die Pukke van die beste op die toernooi was





**„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"**

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar

Rembrandt

KURK, ONGEKURK OF FILTER
STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiereg RA136 XZZ


# P.U. verslaan U.O.V.S. op Kriekettoernooi

## *Geslaagde Toernooi op Potchefstroom*

Die interuniversitêre kriekettoernooi wat vanaf 3 tot 10 Desember 1955 op Potchefstroom gehou is was 'n besonder groot sukses. Van alle kante is die P.U.-Krieketklub gekomplimenteer met die besonder gulhartige ontvangs en goeie organisasie, en daar bestaan geen twyfel dat die spelers van al die besoekende universiteite hierdie toernooi sal onthou as een van die aangenaamstes wat hulle nog bygewoon het nie.

Wat die spel self betref, het die P.U.-span een groot prestasie behaal deur U.O.V.S. kaf te draf. Hierdie oorwinning is van besondere belang aangesien dit die eerste oorwinning is wat 'n P.U.-span vir 'n hele paar jaar op die toernooi behaal het. In die ander wedstryde is daar egter nie so goed gevaar nie, en met uitsondering van die botsing met Pretoria het die Pukke maar lelik op hulle baadjie gekry.

Sommer op die eerste dag, die Maandag, is die Pukkies 'n kwaai loesing deur Rhodes toegedien. Puk is uitgeknikker vir slegs 72 lopies terwyl Rhodes slegs een paaltjie prysgegee het voor hulle die totaal verbygesteek het

Dinsdag het 'n baie spannende wedstryd teen Pretoria opgelewer. Nadat U.P. almal uit was vir 148, het die Pukke, na 'n swak begin, skitterend reggeruk en op een stadium 112 vir 4 paaltjies gehad. Hierna het die penne egter vinnig geklap en Puk was almal uit vir 132 om slegs 16 lopies te verloor. In hierdie wedstryd het Craig (57) en Potgieter (28) puik vertoon met die kolf.

'n Groot pak is op die lyf geloop teen Stellenbosch wat eers 213 lopies opgestel het om daarna die Pukkies van die baan te stuur vir 'n skamele 54 lopies.

Donderdag was 'n roemryke dag, want toe het ons span U.O.V.S. 'n groot pak toegedien. Weens skitterende boulwerk deur Piet Botha (5/32) Christi Coetzee (3/32) en Ben Potgieter (2/18) was U.O.V.S. uit vir slegs 90 lopies. P.U. het spoedig die totaal verbygesteek en in die proses slegs 3 paaltjies prysgegee. R. v.d. Walt (21) Hauptfleisch (28 n.u.n.) en Botha (28 n.u.n.) het puik gekolf.

Die toernooi is op 'n lae noot geëindig toe die kampioen, Natal Universiteit, P U. 'n groot loesing toegedien het. Hoewel hulle soms lelik gefaal het, het die P.U.-spelers nogtans 'n goeie indruk gemaak op die toernooi en het niks om oor skaam te voel nie.


**„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . !!"**

('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)

BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n

**FIETS aan te skaf.**

**C. V.D. MERWE**

**FIETSHANDELAAR**

**Kerkstraat 92, Potchefstroom**

**Bus 206 Tel. 164 & 1167**

H/v. Wolmarans- en Van Riebeeckstraat

**CENTRAL CASH STORE**

**POTCHEFSTROOM**

Vir **Vars Vrugte, Groente, Kruideniersware, Damesuitrustings, Kombuisgereedskap.**

ONS IS DIE BILLIKSTE IN DIE DORP.


GEDRUK DEUR ENSLINS, POTCHEFSTROOM